

## DIREKTE EN INDIREKTE REDE:

REËLS	DIREKTE REDE	INDIREKTE REDE
<b>A</b> Gebruik <b>dat</b> (groep 3) en werkwoord na einde van sin. Voornaamwoorde verander. Ek - hy, sy Jy - hy, sy My - sy, haar	" <b>Ek hou</b> van selfone," sê John.  " <b>Ons gaan</b> volgende jaar weer nuwe selfone kry," sê John.  "Dit <b>is my</b> selfoon," sê Michelle.	John sê dat <b>hy</b> van selfone <b>hou</b> .  John sê dat <b>hulle</b> volgende jaar weer nuwe selfone <b>gaan</b> kry.  Michelle sê dat dit <b>haar</b> selfoon <b>is</b> .

Myne - syne, hare Ons - hulle Ons s'n - hulle s'n Julle - hulle		
<b>B</b> Na 'n vraag – gebruik <b>of</b> (groep 3) en werkwoord na einde van sin. Voornaamwoorde verander.	" <b>Wil jy my</b> selfoon sien?" vra John.	John vra <b>of ek sy</b> selfoon <b>wil</b> sien.
<b>C</b> Sin met 'n vraagwoord – gebruik die vraagwoord.	" <b>Wanneer moet ek</b> jou bel?" vra John vir Michelle.	John vra vir Michelle <b>wanneer hy haar moet</b> bel.
<b>D</b> Bevele – gebruik <b>om ...te</b> Voornaamwoorde verander.	"Bel nou!" beveel Michelle.	Michelle beveel <b>hom om nou te bel</b> .
<b>E</b> Indirekte rede <b>sonder dat – werkwoord skuif nie</b> .	" <b>Ek bel</b> jou sommer nou," sê John.	John sê <b>hy</b> bel <b>haar</b> sommer nou.
<b>F</b> Uitroepe – word omskryf in Indirekte rede.	" <b>Ag nee!</b> <b>Ek het my</b> selfoon verloor," sê John.	John sê <b>met teleurstelling</b> dat <b>hy sy</b> selfoon verloor <b>het</b> .

## UITROEPE:

"Eina!"	het van pyn geskreeu dat ...
"Ag nee!"	het met teleurstelling/ afkeer gesê dat ...
"Hoera!"	met blydschap
"Wat!"	met verbasing/ ongeloof
"Toemaar!"	met 'n uitroep van troos
"Liewe hemel!"	met verbasing/ ongeloof
"Foeitog!"	met simpatie
"Sies!"	met afkeer/ afgryse/ woede
"Sjoe!"	met verbasing/ongeloof